

Hoofstuk van die dag: 2 Petrus 2

> *Terwyl hy tussen hulle gewoon het, moes hierdie eerbare man dag vir dag soveel van hulle gruweldade aanskou en sulke dinge aanhoor dat dit ’n foltering was vir sy opregte gemoed. (vers 8)*

Lot bly vir my ’n raaisel. Volgens Petrus was hy ’n gelowige wat gefolter is deur sy losbandige bure, maar sy keuses het ’n ander storie vertel. Hoekom het hy nie uit Sodom padgegee as dit so sleg was nie? Hoekom het hy besluit om uit die buitewyke van die stad (Gen 13:12) tot binne-in Sodom te trek?
Iets wat vir my ontstellend is, is dat Lot se keuses en lewenswyse uiteindelik sy getuienis kragteloos gemaak het. Sy vrou het omgedraai en is nie saam met hom die stad uit nie; sy skoonseuns het geweier om die stad te verlaat, en sy dogters maak hom dronk en verlei hom om kinders te kan kry (Gen 19).
Pasop! Ook gelowiges kan verkeerde keuses maak, soos Lot, wat uit gierigheid sy oom Abram voorgespring het om die beste van die land op te eis (Gen 13:10). En daardie keuse het hom uiteindelik baie duur te staan gekom.
Hoe het die Here Jesus gesê? Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees (Matt 6:21).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026